

Hoe is Jesus van die kruis afgehaal?

Hoe is Jesus van die kruis afgehaal?

Dit klink miskien na 'n onnodige vraag, maar as 'n mens in gedagte hou dat Jesus in die middel van die dag gekruisig is en die son al byna begin water trek het toe Hy dood is, raak die vraag meer interessant.

Dinge moes vinnig gaan om alles voor sonder klaar te kry. Die getuienis uit al vier evangelies stel dit bloot dat Jesus se liggaam afgehaal en weggeneem is. Van die wyse waarop Hy afgehaal is, word niks gesê nie. Dit was destyds nie so maklik om 'n vasgespykerde liggaam van die kruis af te kry nie. Die spykers is goed ingekap en is oënskynlik soms omgeklink, volgens van die opgrawings wat al gedoen is. Uit die opgrawings blyk dit ook dat van die spykers so dik soos 'n man se vingers was. As jy dus 'n liggaam van die kruis moes afhaal, moes jy eers met die spykers spook. Dit kon nie maklik gewees het nie, want die hande en voete (gewrigte) was nie hard sodat jy dit maklik kon uitkry nie. Dit lyk selfs of die vasgespykerde hande en voete soms afgekap is om die liggaam vinniger af te kry. As in ag geneem word dat die helpers van Jesus in 'n wedloop teen die naderende sonsondergang (Sabbat) was, sou so-iets dus 'n moontlikheid kon gewees het. Die moontlikheid hiervoor word selfs groter as opgemerk word dat volgens Matteus 27:58-59 Josef skynbaar nie self die liggaam van die kruis afgehaal het nie, hoewel Markus 15:46 en Lukas 23:53 egter sê dat Josef dit wel gedoen het. Soldate sou waarskynlik nie dieselfde respek vir die liggaam gehad het as wat sy dissipels sou gehad het nie. Daar is egter geen direkte getuienis oor hoe die liggaam van die kruis afgehaal is nie, wat maar net sê dat die tekeninge en skilderye wat ons so dikwels sien met die gaatjies in Jesus se hande en voete nie

noodwendig die regte voorstelling is nie.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)